St. Polycarpus van Smirna

23 Februarie

(sterf 156)

Polycarpus, die biskop van Smirna, was ’n dissipel van die Apostel Johannes, die Evangelis. Toe die Romeinse keiser, Markus Aurelius, begin het om die Christene te vervolg, is Polycarpus gevange geneem. Hy weier volstrek om offers aan die heidense afgode te bring en sê: “Vir 86 jaar het ek Christus getrou gedien, en Hy het my nooit in die steek gelaat nie. Hoe sal ek dan nou my Koning en Heiland belaster en bespot?” Die soldate het hom toe aan ’n paal vasgemaak en aan die brand gesteek, maar volgens ooggetuies het die vlamme geen skade aan hom gedoen nie. Hy is toe met ’n dolk om die lewe gebring.